



Selgroep Ontmoeting 54 17-23 Sep 2017



Ons oordeel nie oor mekaar nie

1. Doel

Romeine kan beskryf word as 'n kommentaar op die woorde van Jesus in

Joh 8:36 – “Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.” Paulus sluit hierby aan as hy in Rom 8:21 verklaar dat die hele skepping ook smag na die heerlike vryheid van die kinders van God. Die lewe as navolger van Christus kan dus met hierdie een woord saamgevat word: VRYHEID. Wat dit egter in die alledaagse lewe, in die konkrete werklikhede van elke dag, is nie altyd so eenvoudig nie.

2. KENMEKAAR / YSBREKER

Deel met mekaar: Wat is die lekkerste kos / dis wat jy kan voorberei?

3. Gesinsverklaring

4. LOFPRYSING en GEBED

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Ps 114** as 'n fokusgebed.

¹Toe Israel uit Egipte getrek het, toe die nageslag van Jakob getrek het, weg van die volk met die onverstaanbare taal af, ²het Juda sy gewyde besit geword en Israel sy magsgebied. ³Die see het dit gesien en op die vlug geslaan, die Jordaan het teruggedraai, ⁴die berge het rondgesprong soos ramme, die rante soos lammers. ⁵Wat is dit met jou, see, dat jy op die vlug slaan, wat is dit, Jordaan, dat jy terugdraai, ⁶berge, dat julle soos ramme rondsprong, en julle, rante, soos lammers? ⁷Bewe, aarde, as die Here verskyn, as die God van Jakob verskyn, ⁸Hy wat rots in waterkuile verander, harde klip in fonteine.

5. Skrif: Lees **Rom 14:1-12** [Deel gerus *The Message* vertaling ook uit.]

1. Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.
2. Deel met mekaar van 'n geleentheid waar jy ervaar het mense oordeel jou? Hoe het jy gevoel?

[Maak gerus 'n kopie van hierdie uitdeeltuk vir elkeen van jou selgroeplede]

3. Gelowiges met 'n Joodse agtergrond wou nie alles eet nie en het besondere dae as heilig bestempel. In dieselfde gemeente was daar gelowiges met 'n heidense agtergrond, wat geglo het Christus het hulle vrygemaak om enige iets te eet en enige dag as heilig te vier. Hoe hanteer julle dié soort konflik in julle geloofsfamilie? Watter redes gee Paulus hoekom ons mense wat van ons verskil, moet aanvaar?
4. Deel van vryheid is die vryheid van uitdrukking en mening. Hoe moet ons hierdie reg uitoefen, as dit wat gesê word ander kwets en seermaak?
5. Wat is die grootste verskille onder ons gemeentelede / selgroeplede? Kan ons dalk iets daaraan doen? Hoe moet ons uitdrukking gee aan God se onvoorwaardelike aanvaarding van iemand wat van ons verskil? Sien **v3**.
6. Op watter wyse moet ons mekaar in 'n gemeente hanteer, as almal aan die Here Jesus behoort? Sien **v8**. En hoe moet ons met mekaar saamleef in dieselfde geloofsfamilie in die lig van **vv10-12**?

Doen-dinge:

Maak dié week kontak met iemand wat heeltemal van jou verskil en betoon liefde en vriendelikheid teenoor daardie persoon.

Maak 'n plakkaat wat sê: **“Onthou dis net my opinie - daar is nog!”** en plak dit op 'n prominente plek in julle huis.

6. **Gebedstyd:** Deel gebedsversoeke en blaai gerus saam deur julle gebedsjoernale om God te dank vir gebedsverhoring!

[Maak gerus 'n kopie van hierdie uitdeeltuk vir elkeen van jou selgroeplede]

Romeine 14:1-12 The Message

¹Welcome with open arms fellow believers who don't see things the way you do. And don't jump all over them every time they do or say something you don't agree with—even when it seems that they are strong on opinions but weak in the faith department. Remember, they have their own history to deal with. Treat them gently. ²⁻⁴For instance, a person who has been around for a while might well be convinced that he can eat anything on the table, while another, with a different background, might assume he should only be a vegetarian and eat accordingly. But since both are guests at Christ's table, wouldn't it be terribly rude if they fell to criticizing what the other ate or didn't eat? God, after all, invited them both to the table. Do you have any business crossing people off the guest list or interfering with God's welcome? If there are corrections to be made or manners to be learned, God can handle that without your help. ⁵Or, say, one person thinks that some days should be set aside as holy and another thinks that each day is pretty much like any other. There are good reasons either way. So, each person is free to follow the convictions of conscience. ⁶⁻⁹What's important in all this is that if you keep a holy day, keep it for *God's* sake; if you eat meat, eat it to the glory of God and thank God for prime rib; if you're a vegetarian, eat vegetables to the glory of God and thank God for broccoli. None of us are permitted to insist on our own way in these matters. It's *God* we are answerable to—all the way from life to death and everything in between—not each other. That's why Jesus lived and died and then lived again: so that he could be our

Master across the entire range of life and death, and free us from the petty tyrannies of each other. ¹⁰⁻¹²So where does that leave you when you criticize a brother? And where does that leave you when you condescend to a sister? I'd say it leaves you looking pretty silly—or worse. Eventually, we're all going to end up kneeling side by side in the place of judgment, facing God. Your critical and condescending ways aren't going to improve your position there one bit. Read it for yourself in Scripture:

"As I live and breathe," God says,
 "every knee will bow before me;
 Every tongue will tell the honest truth
 that I and only I am God."

So tend to your knitting. You've got your hands full just taking care of your own life before God.